

BEWYSE VAN LEERDERPRESTASIE

DASS/SBA-KOMPONENT

SBA vorm 'n integrale deel van die bewysstukke vir die promosie van leerders.

SBA is uiters belangrik. Elke taak, projek or enige huiswerk moet betyds ingehandig word en moet die leerder se eie werk wees. Take moet persoonlik by die betrokke onderwyser ingehandig en afgeteken word op 'n vaklys. (sien 5.5 Take nie ingehandig). Slegs die volgende verskonings is aanvaarbaar en kan 'n leerder dan nog 'n kans gegee word (soos in NPA-dokument omskryf): siekte (doktersertifikaat), dood van naby familie (doodsertifikaat as bewys), verhoor in die hof (skriftelike bewys) of enige ander rede wat deur die skoolhoof goedgekeur word. Wanneer sodanige take nie ingehandig word nie, kan leerder se punte as onvolledig aangeteken word en kan die leerder nie bevorder word nie.

TOETSE EN EKSAMENS:

- Toetsdatums word vooraf deur vakgroepe bepaal. 'n Asseseringsprogram word aan die begin van elke kwartaal aan die leerders beskikbaar gestel.
- Indien 'n leerder afwesig is vir 'n klastoets of enige assesseringstaak, moet 'n mediese sertifikaat voorsien word en die ouer moet die kantoor inlig. Wanneer die leerder weer terug is by die skool, moet die leerder 'n nuwe datum vir die toets of taak reël met die betrokke onderwyser. Toets moet binne 'n week plaasvind. Geen punte sal toegeken word as die bostaande nie gedoen word nie.
- Die vakonderwyser hou rekord van leerders wat toetse/take mis. Patrone vir afwesigheid sal aan die graadhoof gerapporteer word.
- Geen afwyking van die eksamenrooster word toegelaat nie. Slegs die volgende uitsonderings is van toepassing:
 - Provinsiale en nasionale deelname;
 - Deelname aan amptelike skoolaktiwiteite
 - Godsdienstige vakansiedae
- **Versoeke vanaf ouers oor die verandering van eksamentye in geval van siekte word direk na die assesseringskoördineerder verwys.**
- Mini-eksamens: Maart: Graad 8 tot 12
 September: Graad 8 tot 11
- Eksamens: Graad 8, 9,10 & 11: Junie, November
 Graad 12: Junie, September, Oktober (ekstern)
- Leerders is SKOOLPLIGTIG tydens eksamens.